

Gebedsbrief

05 Oktober 2026

KALENDER

Oktober

- 06 Spanleiersvergadering (Zoom)
Skole Open
- 17 EE3 Evangelisasie Seminaar (Wellington)

November

- 05 [CBMC Boland Gholfdag](#) (Wellington)

VERJAARDAE

Oktober

- 05 Jacques du Toit (Vrystaat)
Petrus Saal (Weskus)
- 06 Ampie Rossouw (Limpopo)
Hannes Wilke (Buiteland)
- 07 Danie Roux (Helderberg)
- 09 Aleit Swanepoel (Helderberg)
- 10 Cobus Coetsee (Helderberg)

Jakobus 5

^{16b} “Die gebed
van ’n gelowige
het ’n kragtige
uitwerking.”
(AFR83)

Adres:
Edwardstraat 134
Bybelhuis,
1ste Verdieping
Bellville 7530
Die WhatsApp-nummer vir
die CBMC-kantoor is
[061 621 4668](tel:0616214668).

CBMC Bankbesonderhede:
Rekeninghouer: CBMC Bank: FNB
Rekeningnommer: 6236 1233 176
Takkode: 250655 - Willowbridge
info@cbmc.co.za



Snap here to pay

 SnapScan

Dissipelskap en Dissipelmaking (Deel 34)

Ons het die vorige 2 weke begin gekyk na ’n paar belangrike konsepte of waarhede wat aan jong gelowiges (dissipels) oorgedra moet word.

Dit was die volgende:

- A. Sekerheid van redding
- B. Stiltetyd (Gebed)
- C. Oorwinning oor sonde
- D. Wegdraai van sonde
- E. Die Bybel – die belangrikheid en gebruik daarvan
- F-J. Gereeld die Woord hoor, lees, bestudeer, memoriseer en mediteer
- K. Toepassing van die Woord in alle areas van lewe.

Nog ’n belangrike waarheid wat oorgedra moet word is die volgende:

L. GEBED

Dis belangrik dat ’n jong gelowige die regte verstaan en benadering tot gebed het. Die vestiging van ’n getroue gebedstyd en ook die neerskryf van gebedsverhoring is belangrik om sy geloof te bou. Bid saam met die persoon en help hom om neer te skryf (gebedslys te maak) waarvoor hy bid. Deel met hom getuienisse van gebedsverhoring.

Gaan saam deur die volgende teksverse en kyk wat ons hier kan leer oor gebed:

Matteus 6:5-15

Johannes 17

Markus 1:35

1 Tessalonisense 5:17

Jakobus 5:16b

Matteus 7:7-8

Matteus 26:39